



Die twee weë

Teks vir die preek:

“Want die HERE ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.”

Psalm 1

RM Retief

© by skrywer - 2013
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 100:1-4
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 32:1, 3, 6
5. Gebed
6. **Skriflesing en teks: Psalm 1**
7. Preek
8. Sing Psalm 92:3, 4
9. Gebed
10. Kollekte
11. Sing Psalm 92:6, 7
12. Seën

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus,

Die Here leer ons in hierdie psalm dat dit die regverdige is wat geseënd is, en dat die goddelose vervloek is. Kort en kragtig.

Die regverdige is welgeluksalig, bestendig soos 'n boom by waterstrome, vrugbaar en immergroen. Maar is dit ook hoe ons die lewe ervaar?

Is ons lewe op hierdie aarde werklik voorspoedig? Waarom het Asaf dan amper sy geloof verloor toe hy sien hoe voorspoedig die goddelose is (Psalm 73)? Word die regverdige nie voortdurend deur die Here getugtig nie? Word ons nie in hierdie wêreld gehaat en verag nie? Het die gelowige nie baie stryd en beproewing nie?

Die **goddelose**, ja, hulle blyk die gelukkiges te wees. Kyk net na hulle rykdom en voorspoed. Die goddelose verhef hulleself in hoogmoed, hulle leef onbesorg. Die goddelose maak hulleself tuis in hierdie wêreld.

Gemeente, "as ons net vir **hierdie** lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense" (1 Korinthiërs 15:19).

In hierdie wêreld is ons inderdaad ellendig, en tóg: welgeluksalig. In hierdie lewe is dit dikwels die goddelose wat groot voorspoed geniet, en tóg: vervloek is.

Ons sal op drie sake let:

1. **Dat die man gelukkig is wat slegte geselskap vermy**
2. **Dat die man gelukkig is wat God se wet as sy leermeester het**
3. **Dat die goddelose werklik vervloek is**

In die eerste plek let ons daarop...

1. Dat die man geseënd is wat slegte geselskap vermy

"Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie..."

"Welgeluksalig" beteken: geseënd, gelukkig. En die psalm leer ons dat daar net een pad is wat geseënd is: die pad volgens God se Woord.

Hierdie onderrig van die psalm staan totaal téénoor dit wat die wêreld sê. Hoe meer jy die begeertes van jou sondige hart najaag en bevredig, hoe meer prys die wêreld jou gelukkig. Jy word as die gelukkigste mens gereken, wanneer jy die verste van God se wet afgewyk het, omdat jy dan die begeertes van jou hart verkry.

Die profeet kom en stel die teendeel. Ons moet verseker weet dat dit goed sal gaan met die regverdige. En ons moet verseker weet en in ons hart daarvan oortuig wees dat die goddelose werklik vervloek is; en dat elkeen wat homself nie van die goddelose onttrek en afskei nie, saam met hulle vernietig sal word.

Maar dit is nie so eenvoudig en so maklik om in hierdie wêreld, waar ons met die goddelose vermeng is, volledig afgesonder van hulle te leef nie. En daarom, om nog meer klem te lê op sy vermaning, gebruik die profeet 'n veelvoud van uitdrukkings om die gevaar uit te spel.

In die eerste plek waarsku hy ons om nie te wandel in **die raad van die goddelose** nie. Tweedens, om nie te staan op **die weg van die sondaars** nie. En derdens, om nie te sit **in die kring van die spotters** nie.

Die raad van die goddelose, die weg van die sondaars en die kring van die spotters. Ons word vermaan om 'n absolute afkeer te hê van die lewe van die wêreldling. Niemand kan heilig leef, ja, niemand kan waarlik gelukkig wees, voor hy nie geleer het om hom af te skei van alle besoedeling nie.

Jy kan nie voor die TV sit en jou verlustig in die vuilheid van hierdie wêreld, én die Here dien nie. Jy kan nie jou gedagtes vul met die vuilheid van hierdie wêreld, én met God se Woord nie. Jy kan nie God se wet dag en nag oordink, voor jy nie geleer het om jou van slegte geselskap af te skei nie.

Die Satan is listig. Dit gebeur nie somer so dat iemand dadelik in die growwe sonde van die samelewing ingesleep word nie. Die suigkrag van die wêreld begin gewoonlik klein, en word dan al sterker.

En so sien ons ook hier in vers 1 verskillende stappe, hoe die mens bietjie vir bietjie van die regte pad weggelok word, totdat hy uiteindelik gaan sit op die stoel van die spotters, om te spot met alles wat hoog en heilig is, wanneer hy alle vrees vir die Here laat vaar, en uit die hoogste spot met God en sy gebod en lag vir die vermanings van sy Woord.

Dit gebeur nie by die eerste sywaartse tree nie. Eers word daar net geluister na die **raad** van die goddelose, en so lei die Satan die mens stap vir stap verder weg van die regte pad, totdat die mens verblind en in openlike sonde verhard is.

Dit begin by die raad van die goddelose. Die raad van die goddelose is: hul raadgewinge en leringe, hul hoogste wysheid.

Hy sê nie dat ons nie moet wandel in die dwaasheid van die goddelose nie – dit sou heeltemal vanselfsprekend wees. Maar die ráád van die goddelose, is iets waarop hulle trots is. In hulle hoogmoed weier hulle om te luister na God se wet. Hulle sal hulleself nie so verneder om hulle deur Hom te laat voorsê nie. Die mens het mondig geword, nie waar nie? Die mens sal homself regeer deur sy eie raad soos dit in sy oë reg is.

Wat sleg is, word goed genoem. Wat goed is, noem hulle sleg. Hulle wysheid en hulle verstand is die norm. Die goddelose kry dit reg om die verkeerde pad goed en verstandig te laat lyk.

As die raad van die goddelose geklee was in openlike dwaasheid, as almal duidelik kon sien dat die raad van die goddelose verkeerd is en sonder verstand, dan sou dit nie so 'n opmerklike teken van saligheid wees om nie daarin te wandel nie.

Hier staan egter nie dat ons nie moet wandel in die dwaasheid van die goddelose nie, of: in hulle verkeerdheid nie; maar: dat ons nie moet wandel in hulle raad nie, in hul wysheid nie. Dit is 'n vermaning om op ons hoede te wees en te waak teen raad wat wel die skyn van wysheid en waarheid het, dat die duiwel wat homself in 'n engel van die lig verander, ons nie deur sy slinksheid mislei nie.

Die raad van die goddelose word nie net bedien in agterstrate en in kroëë nie. Dit word geleer aan universiteite, die wysheid en die norme van die mens. Die filosofieë en waardes en beginsels van die wêreld. Die wêreld se denkwys, dit is die raad van die goddelose.

En dáárteenoor word die wet van God gestel. Die wysheid van die mens, teenoor die wysheid van God.

Hy waarsku ons verder ook, as ons deur God geseën wil wees, om nie te staan op die weg van die sondaars nie.

Die woord “weg” wys op 'n lewensweg, die manier waarop geleef word. Die weg van die sondaars is 'n sondige leefwyse.

Om te staan op die weg van die sondaars beteken: dat die raad van die goddelose jou **lewenswyse** geword het.

En dan volg die klimaks, die uiteindelijke hoogtepunt van hierdie weg, waar die mens sy vrees vir die Here laat vaar en 'n spotter word, wat die spot dryf met alles wat hoog en heilig is; wat met minagting lag vir enige vermaning van die Here, en met God se kinders die spot dryf.

Om te sit in die kring van die spotters, is om jou plek onder die spotters in te neem. Om nie net na hulle lawwe praatjies en gespot te luister nie, maar ook self daaraan deel te neem.

Ons vertaling sê: “die **kring** van die spotters”. Letterlik staan daar in die Hebreeus: “die **stoel** van die spotters”. Die stoel kan ook wys op 'n posisie waaruit onderrig gegee word, soos die stoel van Moses. Wie op die stoel van die spotters gaan sit, het self 'n leermeester geword om ook ander te onderrig in die raad van die goddelose.

So is die sirkel voltooi van leerling tot leermeester! Eers het hy net geluister na die raad van die goddelose, en nou leer hy self ook ander om so te leef. 'n Meester in die wysheid en filosofieë en waardes van hierdie wêreld – waar God en sy gebod geen plek meer het nie.

Maar gelukkig is die man, welgeluksalig, wie se behae in die wet van die Here is, wat **sy** wet dag en nag oordink.

Daarop let ons in die tweede plek...

2. Gelukkig die man wat Gó d se wet as sy leermeester het

“...sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.”

Die Psalmis kon eenvoudig sê: Salig is die man wat die Here vrees. Maar hy sê meer as dit. Die saligheid kom **deur God se wet te bestudeer**. Dit is net die wet van God wat die regte pad vir ons wys, die geseënde pad. God word net reg gedien wanneer sy wet gehoorsaam word. Dit word nie aan elke mens oorgelaat om self 'n godsdienstige sisteem uit te werk volgens eie oordeel nie. God se wet is die standaard vir godsaligheid.

Wanneer die Psalmis hier van die wet praat, moet ons dit nie so verstaan dat ander dele van die Skrif uitgesluit word nie. Met “wet” word bedoel: die hele Skrif, wat op daardie stadium, ongeveer 1000 v. C, hoofsaaklik die eerste vyf boeke van Moses was. Dit is die wet waarvan hy hier praat. Die wet het die hele evangelie ingesluit, al was dit nog nie so duidelik geopenbaar as in die NT nie.

Die bedoeling is dus dat die man gelukkig is wat behae het in God se Woord, wat sy Woord dag en nag oordink. Salig is hy wat Gó d se Woord as sy raadgever het. Dit is die raad van God teenoor die raad van die goddelose.

En nou gaan dit nie oor koue verstandskennis nie. Nee, welgeluksalig is die man wat **behae** het in die wet van die HERE. In die eerste plek gaan dit oor ons hart. Hy sê nie dat die man gelukkig is wat uiterlik volgens die wet leef nie, maar wat hom werklik daarin verlustig. Sy **vreugde** is in die wet van die Here.

Net hy is 'n waardige student van God se wet, wat met 'n blymoedige hart luister en so verheug is oor die onderrig daarvan dat niks vir hom begeerliker of heerliker is as om daarin vordering te maak nie.

Wie God se wet waarlik liefhet, oordink sy wet **dag en nag**. Almal wat God se wet liefhet, kan nie anders as om dit met vreugde te bestudeer en te oordink nie.

Sy wet word jou raadgewer wat dag en nag by jou bly. Al jou gedagtes is daarmee besig. In elke situasie is dit voortdurend besig om jou te onderrig en te vermaan, aan te spoor en te waarsku. Dit word jou intieme metgesel waarsonder jy geen tree waag nie.

Maar gemeente, hoe sal jy God se Woord dag en nag oordink en dit voortdurend in jou hart rondra, as jy sy Woord nie ken en bestudeer nie? Hoe wil jy welgeluksalig wees, as jy nie tyd maak vir persoonlike stiltetyd en huisgodsdienste nie? Of hoe sal iemand met die lewende waters gevoed geword, as hy nie getrou die eredienste bywoon nie?

Hoe sal die waterstrome jou voed, as jy nie daarin gewortel is nie?

Toe hierdie woorde geskryf is, het die gewone man in Israel nie elkeen sy eie Bybel gehad nie. Hulle moes opgaan na die tempel van die Here om dáár deur die priesters onderrig te word. En hoewel daar vandag in elke huis talle Bybels is, en ons almal priesters en profete is, waarsku die Here ons steeds om nie van die onderlinge samekoms van die gemeente weg te bly nie. Dit geld vandag nog dat die Here ons in die besonder wil voed deur die herders en leraars wat Hy in die gemeente aanstel as bedienaars van sy Woord. Hy onderrig sy volk in die besonder in die vergadering van die gemeente.

Dit wat in die preek gehoor word, dra jy dit die res van die week met jou saam om dit te oordink en jou lewe daarvolgens in te rig?

Hoeveel tyd maak ons om oor God se Woord na te dink? Het Bybellees nie in baie huise 'n dorre ritueel geword wat kort en vinnig afgehandel word nie?

Is sy woord so in ons hart dat ons voortdurend met ons kinders daaroor praat om dit by hulle in te skerp?

Ja, wat beteken dit om God se Woord **dag en nag** te oordink?

Dit beteken dat jou gedagtes so daarmee gevul is, dat dit jou voortdurend in elke situasie aanspreek en onderrig, dat God se Woord so in jou gedagtes leef, dat alles wat jy doen daardeur gerig word.

Só 'n leerling van God se wet sal geseënd wees, bestendig en vrugbaar. "...hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit."

In verse 1 en 2 het ons van die geseënde man gehoor, maar dit was nog nie uitgespel wat die seën inhou nie. Dit word nou gedoen in vers 3. Die welgeluksalige man word met 'n boom vergelyk. Hy is gelukkig, nie omdat hy die tydelike en skyngeluk van die wêreld geniet nie, maar omdat hy gewortel is in die bron van die lewe. Hy word daagliks gevoed met lewende waters.

Die boom wat hier geskets word, is 'n toonbeeld van bestendigheid, teenoor die tydelike voorspoed wat die goddelose geniet.

Soos Psalm 37 sê: "Ek het die goddelose gesien, 'n geweldenaar, terwyl hy hom uitbrei soos 'n groen inlandse boom. Toe gaan iemand verby, en kyk, hy was daar nie; en ek het hom gesoek, maar hy was nie te vinde nie" (Psalm 37:35).

Soms **lyk** die goddelose wel in hierdie lewe soos die seders van die Libanon, hoog en magtig, oordek met weelde en eer, sodat dit lyk asof daar aan hul huidige geluk niks kort nie. Maar hoe hoog hulle ook al mag klim, hoe ver hulle ook al hul takke oor die aarde uitstoot, sal hulle spoedig verdor en verdwyn.

God self sal hulle antwoord.

Maar hier het ons 'n boom wat **geplant** is. Dit is nie 'n wilde boom wat self opgekom het nie. Die Here het hom geplant. En omdat hy by **waterstrome** geplant is, is hy bestendig. Hy gee sy vrugte

op sy tyd en sy blare verwelk nie, want hy word gevoed en gelaaf met goddelike genade. Wát ook al met hierdie man gebeur, dit werk mede ten goede tot sy verlossing. Selfs in tye van droogte word hy deur strome gevoed, self in die hewigste stryd en beproewing bly sy blare groen. En as hy sy vrugte gee op sy tyd, beteken dit dat sy vrugte tot volle wasdom kom, tot volle rypheid, wanneer die tyd daar is.

“Die regverdige sal groei soos ‘n palmboom; hy sal opgroei soos ‘n seder op die Libanon. Geplant in die huis van die HERE, sal hulle groei in die voorhove van ons God. In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra, hulle sal vet en groen wees, om te verkondig dat die HERE reg is...” – Psalm 92:13-16.

In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra.

Deur God se woord dag en nag te oordink, word ons siel gevoed met die lewende waters. God se woord, waarin ons ons verlustig, **dít** is die bron wat in ons lewe vrug dra tot die gryse ouderdom toe.

“...en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.” Is dit waar? Het ons dan nie baie teëspoed in hierdie lewe nie? Is ons altyd in alles suksesvol?

Ons moet nie dink aan dit wat die wêreld suksesvol en voorspoedig noem nie, maar aan dit wat God suksesvol en voorspoedig noem.

Al lyk die goddelose hoe voorspoedig in hul weë, tog is hulle nié voorspoedig nie. Hulle dra geen blywende vrug nie. Hulle bring geen goeie werke voort nie.

Die voorspoed en die sukses van die regverdige word nie gemeet in Rand en sent nie, maar in die rype vrugte van sy arbeid. “Selfs in hul ouderdom, sal daar geen mind’ring kom, van bloei en eedle vrugte.”

Die Here self bevestig die werk van ons hande. Hy gee dat ons arbeid nie tevergeefs is nie, maar dat ons suksesvol in sy diens is, altyd vrugbaar.

Ja, ons bese werke sal vergaan en alles wat nie tot sy eer gedoen is nie, maar sy woord sal, **as ons dit dag en nag oordink**, bestendig vrugte voorbring in ons lewe, ‘n rykdom van goeie werke wat God self in en deur ons werk, volgens sy woord.

Dit is die voorspoed en sukses van die regverdige. Alles wat Gód in ons werk, dit voer ons voorspoedig uit. Deur sy genade, deur die voortdurende oordenking van sy Woord, bly ons immergroen en immer vrugbaar in sy diens.

“As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God. Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld. Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee. Geseënd sal wees jou mandjie en jou bakskottel. Geseënd sal jy wees by jou ingang en geseënd sal jy wees by jou uitgang” – Deuteronomium 28:1-6.

Só is die goddelose nie...

Daarop let ons in die derde plek...

3. Dat die goddelose werklik vervloek is

“... as jy **nie** luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal.

Vervloek sal jy wees in die stad, en vervloek sal jy wees in die veld. Vervloek sal wees jou mandjie en jou bakskottel” – Deuteronomium 28:15-17. Ja, die Here se **vloek** rus op alles wat die goddelose doen en op alles wat hulle besit. Die **goddelose**, ja, hulle is die vervloektes.

En tog, is hulle dan nie voorspoedig in hierdie lewe nie? Kyk hoe teel hul beeste aan. Kyk hoe groei hul besighede! Hoe goddeloser die besigheid, hoe meer groei hy. Hoe skelmer die sakeman, hoe meer suksesvol! Gaan dit nie dikwels so in hierdie lewe nie? Ja, soms word die goddelose wel gestraf in hierdie lewe, maar so dikwels bly hulle in hierdie lewe ongestraf.

Salomo sê: “...**een en dieselfde lot is daar** vir die regverdige en vir die goddelose, vir die goeie en die reine en die onreine, en vir hom wat offer en vir hom wat nie offer nie, die goeie ewe goed as die sondaar, vir hom wat sweer ewe goed as vir hom wat bang is vir die eed. Dit is ‘n verkeerde ding by alles wat plaasvind onder die son, dat een en dieselfde lot almal tref...” – Prediker 9:2,3.

“Dit is ‘n nietigheid wat op die aarde gebeur, dat daar regverdiges is met wie dit gaan volgens die dae van die goddelose, en dat daar goddelose is met wie dit gaan volgens die dae van die regverdiges...” – Prediker 8:14.

“Alles het ek gesien in die dae van my nietigheid: daar is ‘n regverdige wat ondanks sy regverdigheid omkom, en daar is ‘n goddelose wat ondanks sy goddeloosheid lank lewe” – Prediker 7:15.

Is die Here se seën en vloek dan nie van toepassing op hierdie lewe nie? **Ja, sekerlik!** Self die goddelose se vreugde is toegedraai in die Here se vloeke. Selfs hul grootste voorspoed is swanger van oordeel.

En net so is die regverdige se grootste ellende in hierdie lewe met seën gelaai; en al sy verdriet bestem tot sy heerlikheid, sodat alles wat in hierdie jammerdal oor die regverdige kom, tot sy beswil en tot sy volmaking beskik is.

In alle omstandighede bly die regverdige geseënd, ook in droefheid en verdrukking. En in alle omstandighede bly die goddelose vervloek, ook in hul voorspoed en geluk.

As ons dit nie met ons oë sien nie, waaraan weet ons dit dan? Alleen deur die geloof in God se woord. **Hy** maak die pad van seën en die pad van vervloeking aan ons bekend. Ons laat ons nie lei deur dit wat ons in hierdie lewe sien nie, maar deur die onderrig van God se wet. En uiteindelik sál die regverdige lank lewe – vir ewig lewe. “In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra, hulle sal vet en groen wees, om te verkondig dat die **HERE** reg is...”

En uiteindelik sál die goddelose mense soos kaf weggewaai word.

Christus se skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand (Matteus 3:12).

“Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie.”

Wanneer Christus kom op die wolke, sal die goddelose hulleself wegsteek in spelonke en in die rotse van die berge en vir die rotse en die berge sê: “Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Openbaring 6:15-17).

Die goddelose sal nie saam met God se kinders vergader word nie, maar uitgewerp word in die buitenste duisternis. Hulle is die ellendiges.

Die Here is regter van die ganse aarde en Hy sál elke mens vergeld volgens sy dae. Maar aangesien dit in hierdie lewe net gedeeltelik plaasvind, word ons oë gevestig op die **finale** oordeel wat kom.

Die Here regeer, en daarom kán dit nie anders nie: dat die **regverdige** geseënd is; en die goddelose vervloek.

“Want die HERE **ken** die weg van die regverdiges...” – dit beteken: Hy het behae in hul weg, “maar die weg van die goddelose sal vergaan”.

Gemeente, hoewel ons nog met sonde besmet is, noem die Here ons nie meer sondaars nie. Hy noem ons: regverdiges. Deur die geloof in Jesus Christus **is** ons geregverdig en geheilig en leef ons in die nuwe lewe wat Hy skenk. En al struikel ons dikwels, hét die Here behae in ons lewenswandel, omdat Hyself in ons woon en werk om sy wil te doen.

Maar sy oordeel rus op die goddelose, die ongelowiges wat in hul sondige weë voortgaan, totdat hulle uiteindelik van die aarde verdolg sal word.

Welgeluksalig is die man wat vlug vir slegte geselskap, wat bang is vir die besoedeling van die godverlaters. Gelukkig die man wat sy ore toestop vir die wysheid van hierdie wêreld. Welgeluksalig is hy wat sy vreugde vind in die wet van die Here, en dag en nag nadink oor die toepassing van die Here se gebooie in sy lewe. Welgeluksalig is die man wat gevoed word met die lewende waters van God se woord, wat **sy** wet as raadsman het.

Sy arbeid sal geseënd wees en sy vrugte blywend.

So is die goddelose nie, maar vervloek in alles wat hulle doen, ja, ook hul vreugde is met skuld belaa. Hoe **voorspoedig** hulle ook mag lyk, hulle weg stuur af op ewige vernietiging.

Net by die Here is lewe en vrede. Net sy raad is goed.

Laat ons hierdie verbondsonderrig van die Here ontvang as kinders wat vrygemaak is om sy wil te doen.

Laat ons in alle omstandighede ons in die Here verbly, want waarlik, deur Christus het sy wet ons verlustiging geword. Ons is welgeluksalig omdat ons nie meer slawe is wat sy wet haat en vrees nie, maar kinders wat van harte en met vreugde die wil van ons Vader doen.

Ook in beproewing en stryd.

Laat ons dit deur die geloof vas en seker weet, dat die man welgeluksalig is wat hom van alle besoedeling van hierdie wêreld afskei en daarvoor vlug en sy vreugde vind in God se wet. God sal die werke van ons hande bevestig.

Want dit is God wat in en deur ons werk. As ons deur die geloof sy Woord dag en nag oordink, om ons lewe daarvolgens te rig, dan sal ons ook deur sy genade, selfs in die gryse ouderdom, bestendig vrugte dra. Want sy Woord is soos waterstrome wat die ware lewe gee.

Amen.